# ANTWOORD OP SY ROEPSTEM

# GOD ROEP ELKE GELOWIGE

**2 Tim 1:9**
wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is.

- "Wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping."
- Eerstens: God red ons = wedergeboorte
- Tweedens: God roep ons

**Heb 3:1**

Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus.

- Deelgenote / medewerkers / “partakers” / “partner”
- God werk deur ons.

**1 Pet 4:10**

Namate elkeen ‘n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God.

# GOD ROEP ONS – OM SY LIGGAAM TE WEES

**1 Kor 12:27**
Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik.

**Eff 5:30**

Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.

# ELKE GELOWIGE IS 'N LEDEMAAT VAN CHRISTUS SE LIGGAAM

**1 Kor 12:12**

Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus.

**Rom 12:4-5**

**4** Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie,

**5** so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar.

# GOD ROEP ONS OM TE ANTWOORD OP SY ROEPSTEM

- As jy iemand roep: Keuse om te reageer
- Kan jou roepstem <u>beantwoord</u> of
- Kan jou roepstem <u>ignoreer</u>

Elke gelowige se keuse !!!

# HOE GOD NOU WERK

- Ou verbond: God werk deur Profete / Rigters / Konings

  God werk deur Sy Seun Jesus

- Nuwe verbond: God werk deur Sy Liggaam / Kerk

**Mark 16:15-20**

**15** En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.

**16** Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

**17** En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,

**Mark 16:15-20**

**18** slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal
dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê,
en hulle sal gesond word.

**19** Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy
opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van
God.

**20** Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het
saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop
gevolg het. Amen.

# ONS NOU MEDEWERKERS VAN GOD

**1 Kor 3:9**

Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle.

# HOE ANTWOORD EK OP GOD SE ROEPSTEM

## 1. KRY DIE OPENBARING DAT JY GOD SE LIGGAAM IS

- Jy is God se: hande / mond / genesing / voorsiening / bemoediging

# HOE ANTWOORD EK OP GOD SE ROEPSTEM
# 2. BESEF ELKE DAG IS VOL GELEENTHEDE OM GOD SE LIGGAAM TE WEES

- Nie toevallig dat jy iemand ontmoet wat siek is nie / wat ‘n behoefte het nie / wat depressief is nie / wat moedeloos is nie
- Sien dit raak en wees Christus vir hulle!

## HOE ANTWOORD EK OP GOD SE ROEPSTEM

## 3. DIE ANTWOORD EN VOORSIENING VIR ENIGE BEHOEFTE IS IN JOU

**Kol 2:9-10**

**9** Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik;

**10** en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag;

- Wat woon in die gelowige?

# HOE ANTWOORD EK OP GOD SE ROEPSTEM
## 4. ANTWOORD GOD SE ROEPSTEM

- Wees Sy ligaam elke dag.
- Sien geleentheid en doen God se werke op aarde.

# HOEKOM ANTWOORD ONS NIE GOD SE ROEPSTEM NIE

# 1. VREES

- Vrees vir mense / vrees vir mislukking

**2 Tim 1:7 (AFR)**

Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.

**2 Tim 1:7 (GNB)**

For the Spirit that God has given us does not make us timid; instead, his Spirit fills us with power, love, and self-control.

# HOEKOM ANTWOORD ONS NIE GOD SE ROEPSTEM NIE

# 2. SELFFOKUS

- Lewe bestaan uit selffokus – fokus op my eie nood / behoeftes

**Fil 2:4-5**

**4** Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n.

**5** Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.

**Rom 15:1**

En op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van die wat nie sterk is nie, en nie onsself te behaag nie.